

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

In seker die meeste kleinsake-ondernemings is daar iemand wie se bydrae tot die saak nie sommer vervang kan word nie. Dit kan 'n werknemer of 'n direkteur wees. Daardie spesiale iemand waarsonder jy nie kan dink om klaar te kom nie. Ons noem hom of haar 'n sleutelpersoon. Die een wat as't ware die sleutel tot die onderneming se sukses en voortbestaan hou.

In groot korporatiewe ondernemings is daar gewoonlik iemand in die lyn af wat kan oorneem as daardie sleutelpersoon vroeg sterf of ongeskik raak. In 'n kleinsake-omgewing is dit nie so maklik nie.

En dit is waar versekering inkom. Die saak neem versekering uit om die finansiële impak van die verlies van daardie sleutelpersoon te temper. Om vir jou as sake-eienaar 'n blaaskans te gee, terwyl die volgende persoon opgelei word of ervaring opdoen.

Dit word genoem sleutelpersoonversekering. En dit klink eenvoudig. Maar daar is meer aan as om bloot 'n lewenspolis uit te neem. En dis veral die belastinglagte wat aandag nodig het. Kom ons kyk.


Boedelbelasting

Die algemene opvatting is dat sleutelpersoonversekering vry is van boedelbelasting. Dis nie heeltemal waar nie.

Die algemene reël is dat 'n lewenspolis opgeneem word as geagte eiendom in die boedel van die persoon wie se lewe verseker was en dus in berekening gebring word vir boedelbelasting. Dit maak nie saak wie die poliseienaar was of aan wie dit uitbetaal het nie. Dis die versekerde lewe - die oorledene, met ander woorde - wat die bepalende faktor is.

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) laat egter toe vir drie gevalle waar die polis nie as geagte eiendom in die boedel van die oorledene opgeneem word nie. Vir ons doel vandag kyk ek spesifiek na art. 3(3)(a)(ii) van die wet wat sleutelpersoonversekering raak.

Om die polisopbrengs vry te stel van boedelbelasting moet dit aan vier voorwaardes voldoen, wat ek kortliks net hier



Verseker die sleutelpersoon

Bepaal 'waarde' – en onthou van belasting

aanraak:

■ Die polis moes nie deur die oorledene self uitgeneem gewees het nie;

■ In geen stadium mag 'n premie deur die oorledene op die polis betaal gewees het of die koste deur die oorledene gedra gewees het nie;

■ Geen bedrag wat uitbetaal word deur die polis moes of sal in die boedel van die oorledene inbetaal word nie; en

■ Geen bedrag mag uitbetaal aan of tot die voordeel aangewend word van enige familielid van die oorledene of aan enige persoon wat geheel of gedeeltelik afhanklik was vir onderhoud van die oorledene of enige maatskappy wat te enige tyd 'n familiesaak van die oorledene was nie.

Dit is baie duidelik dat die vrystelling

net sal geld as die polis uitgeneem is, betaal is en uitbetaal aan iemand anders as die oorledene of sy familie.

Die vierde vereiste, die familiesaak, is die groot taneletjie.

Baie kleinsake is juis familiesake en dit alleen kan die polisopbrengs in die boedel van die oorledene laat beland.

Wat is 'n familiesaak?

Dis enige maatskappy (anders as een wat op die aandelebeurs genoteer is) wat te enige tyd onder die beheer was of kon wees, direk of indirek, hetsy deur 'n meerderheidsaandeelhouding of enige ander belang of deur enige ander wyse hoegenaamd deur die oorledene of die oorledene en een of meer van sy familie. Sjoë. Dis 'n mondvol.

Kortom, as die oorledene, die sleutelpersoon, 'n familielid was in die familiesaak geld die vrystelling nie.

In die geval van 'n ander werknemer wat as 'n sleutelpersoon beskou is en nie familie nie, en as die ander drie voorwaardes geld, sal die polisopbrengs vrystel wees van boedelbelasting.

Betekén dit nou dat 'n familiesaak nie kan voordeel trek uit 'n polis op die lewe van 'n direkteur of sleutelpersoon nie?

Die sukses van 'n familiesaak hang tog gewoonlik juis af van die stigter van daardie onderneming.

Wat ek sal voorstel is die volgende:

Maak die som oor wat jy meen dit gaan kos om die saak finansiële "te dra" totdat die sleutelpersoon vervang kan word. Anders gestel, kom ooreen oor 'n geldwaarde vir daardie persoon se bydrae.

Neem dan 'n polis uit vir die bedrag, plus die bedrag wat aan boedelbelasting afgestaan sal moet word. As die bedrag byvoorbeeld R1 miljoen is, laat toe vir 20% boedelbelasting en neem versekering uit vir R1 250 000.

Daar is tog ook 'n boedelbelastingvoordeel in so 'n polis, hoewel alles nie vrystel sal word nie.

As die polis uitbetaal aan iemand anders as die oorledene of sy boedel en daardie persoon (die een aan wie die polis uitbetaal) het die premies daarop betaal, is al die premies plus 6% rente per jaar daarop aftrekbaar vir boedelbelasting. Jan Taks laat toe dat saamgestelde rente gebruik word.

Inkomstebelasting

EK het gefokus op die boedelbelasting-implikasies van sleutelpersoonversekering. Daar is egter ook inkomstebelastingkwessies wat aandag moet geniet, veral waar 'n maatskappy die polis besit en die premies op die polis afgetrek is vir inkomstebelastingdoeleindes deur die maatskappy of nie afgetrek is nie.

In een sin, as jy die premies afgetrek het vir inkomstebelasting gaan die polis wanneer dit uitbetaal onderhewig wees aan inkomstebelasting en andersom.

Dit kan egter ingewikkeld raak. Daarom dat ek lesers in 'n kleinsake sal aanraai om met werklike kundiges te gesels oor sakeversekering. Nie almal wat polisse verkoop, ken die volle implikasies nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen).